

SOLIDARITEIT

# SKOOLVERLATERSVERSLAG 2023

Gr.12-leerders

Skole-opname (nasionaal)

Johnell van Vollenhoven

2023

# INHOUDSOPGAWE


**Inleiding**
**Samevatting**
1. Geslag
2. Provinsie
3. Skool
4. Huistaal
5. Ouers se beroep
6. Afrikaans as onderrigtaal
7. Vakkeuses
8. Studie na skool
9. Tersiêre instellings
10. Studie oorsee
11. Voltydse of deeltydse studie
12. Werk gedurende deeltydse studie
13. Studierigtings
14. Studie in Afrikaans
15. Studiebefondsing
16. Werk en woon in Suid-Afrika
17. Leerders wat nie gaan studeer nie
18. Leerders wat gaan werk
19. Werk oorsee
20. Gemeenskapswerk
21. Loopbaanvoorligting
22. Solidariteit Jeug
23. Die impak van Covid-19 op toekomsvisie en vooruitsigte

**Gevolgtrekking**

# INLEIDING

Hierdie studie is vanjaar (2023) vir die derde keer onderneem. Die aanvanklike studie is in Mei 2021 deur Solidariteit Jeug aangevra. 'n Totaal van 11 skole (1 533 leerders) in Pretoria en Centurion het aan die aanvanklike studie deelgeneem. Die hoofdoel van die navorsing was om vas te stel wat die leerders se siening oor hul toekoms is, wat hulle beoog om na skool te doen en hoe die Covid-19-pandemie hulle beïnvloed het. Die vorige **verslag** is in November 2021 uitgereik. Leerders kon daaraan deelneem deur 'n skakel te volg wat hulle na die vraelys, soos opgestel op Survey Monkey, geneem het.

In 2022 is dieselfde versoek deur Solidariteit Jeug gerig en hierdie keer is die studie uitgebrei na verskeie skole in Gauteng. 'n Totaal van 17 skole het aan die studie deelgeneem. Die aantal leerders wat deelgeneem het was 2 180. Die doel van 2022 se navorsing was om die vorige jaar se vraagstukke te beantwoord, meer skole te bereik en vergelykings tussen die twee jare se matrikulante te tref. Die basis van die verslag was onveranderd en die hooffokus steeds op dít wat matrikulante vir die voorsienbare toekoms met betrekking tot hul loopbane en studie beplan. Die vraag oor die impak van Covid-19 is ingesluit ter wille van vergelyking. Dit het egter duidelik geraak dat die verband tussen toekomsbesluite wat die matrikulante van 2022 geneem het en die invloed van die pandemie baie nou verwant is. Die **verslag** is in November 2022 vrygestel.

Solidariteit Jeug en die Solidariteit Navorsingsinstituut (SNI) het reeds in 2022 besluit dat die studie in 2023 herhaal moet word, maar dat dit nie weer slegs plaaslik nie maar op nasionale vlak onderneem moet word.


Die tendense en verskynsels wat in dié verslag uitgelig word, plaas nie net Solidariteit Jeug in 'n posisie om die Jeug se behoeftes in terme van hul loopbane en studie te verstaan en die jeug sodoende by te staan nie, maar verskaf ook waardevolle inligting aan instellings soos Akademia, Sol-Tech en Bo-Karoo Opleiding met betrekking tot die vraag na tersiêre studie. Instellings wat studiehulp en finansiering verskaf, soos Die Helpende Hand Studietrust, die FAK en ander finansierders kan ook hierdie verslag as behoeftebepaler gebruik.

Vrae met betrekking tot Afrikaans en moedertaalonderrig is nie net vir instellings soos genoem van belang nie, maar ook vir die breë onderwysgemeenskap in beide die privaat en openbare sektore met betrekking tot tersiêre-, primêre- en sekondêre- onderrig.

Terwyl Solidariteit hom toespits op elke lid se loopbaanpad, volgehoue leer en beskerming van lede se werk en die werkplek, vorm hy deel van die groter Solidariteit Beweging waarvan Akademia, Sol-Tech, Solidariteit Helpende Hand, Solidariteit se Skoleondersteuningsentrum, Maroela Media, die FAK en AfriForum onder andere deel vorm. Deur middel van gemeenskapsorganisasies en -instellings word 'n toekoms vir die jeug moontlik gemaak. Hierdie verslag dra by tot die aanpasbaarheid van nie net Beweging-organisasies en -instellings nie, maar dit stel ook gemeenskappe in staat om te bou aan 'n toekoms waar elkeen wat wil werk, kan werk sodat hulle uiteindelik vry, veilig en voorspoedig in hul werkplek én in hul gemeenskap kan wees.

2023 se vraelys is, soos in 2021 en 2022, elektronies op Survey Monkey ontwerp en via WhatsApp en per e-pos met 'n **webskakel** en 'n QR-kode na onderwysers gestuur waarna dit onder matrikulante versprei is. Skoliere het deur middel van hul slimfone toegang gekry en kon die vraelys by die skool invul.

Die opname kan as 'n gemengdemetodenavorsingstudie beskryf word omdat daar van





kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe data en ontledingstegnieke gebruik gemaak word. Die kwantitatiewe data is hoofsaaklik deur beskrywende statistiese tegnieke ontleed terwyl kwalitatiewe teks deur middel van inhoudsontleding en kodering ondersoek is.

Die vraelys is gedurende Maart en April na skole landwyd versprei. Onderwysers het matrikulante aangemoedig om die vraelys op hulle slimfone te voltooi. Finesse Tydskrif het as borg opgetree en vyf addisionele vrae is by die lys gevoeg vir die tydskrif se doeleindes. Finesse het 'n kompetisie geloods waarin deelnemers aan die vraelys die kans sou staan om 'n kajuit op die #NetMatrieks-bootreis, wat 'n matriekvakansie is, te wen. Dié vyf addisionele vrae het spesifiek oor matriekvakansies gehandel en vorm nie deel van die Skoolverlaters-verslag nie. Leerders wat aan die kompetisie wou deelneem kon na afloop van die laaste vraag by 'n ander webblad registreer om aan die kompetisie deel te neem. Die kompetisie is as bykomende motivering gebruik om soveel as moontlik matrikulante aan te spoor om aan die navorsing deel te neem. Die skakel na die vraelys is ook op ander platforms soos Facebook en Instagram versprei as deel van die kompetisie.

'n Totaal van 3 046 matrikulante in 101 skole landwyd het deelgeneem. Slegs 22 skole is in die lys op die vraelys gespesifiseer. Hierdie skole het reeds tydens die opstel van die vraelys bevestig dat hulle aan die studie gaan deelneem. Skole wat na afloop van die finalisering van die vraelys deelgeneem het, se leerders kon by die "ander" opsie hulle skool se naam insleutel.

2 417 leerders vanuit Gauteng het aan die studie deelgeneem, wat heelwat meer is as die 2 210 leerders wat in 2022 deelgeneem het toe die studie slegs in Gauteng onderneem is.

# SAMEVATTING

Vanuit die 3 046 leerders wat aan die studie deelgeneem het, het 124 nie aangedui waar hulle skoolgaan nie.

Die oorgrote meerderheid respondente (59,45%) is meisies teenoor die 40,55% seuns. 2 417 (81,23%) van die matrikulante wat deelgeneem het, gaan skool in Gauteng en 233 (7,82%) in die Wes-Kaap. Die ander sewe provinsies se deelname is onder 4%. Gesamentlik het die meeste (95,23%) leerders aangedui dat hulle huistaal Afrikaans is en 4,12% het aangedui dat hulle tuis Engels praat. Meer as 73% van die leerders het aangedui dat hulle positief oor Afrikaans as onderrigtaal voel, terwyl 18,57% aangedui het dat hulle nie noodwendig positief of negatief daaroor voel nie. Slegs 1,05% het aangedui dat hulle eerder negatief teenoor Afrikaans as onderrigtaal voel.

Meer as tweederdes van 2023 se matrikulante (82,88%) wat aan hierdie studie deelgeneem het, het aangedui dat hulle van voorneme is om verder te gaan studeer. Die Universiteit van Pretoria is die mees gewilde opsie met 30,66% van leerders wat kies om aan hierdie instelling te studeer. Net meer as 14,64% van leerders verkies die Universiteit Stellenbosch en 11,18% van matrikulante wil eerder na die Noordwes-Universiteit gaan om verder te studeer. Daar is ook 113 (5,22%) leerders wat opleiding by Sol-Tech wil ontvang en 102 (4,71%) leerders wat aansoek wil doen by Akademia. Slegs 6,98% van leerders wil oorsee gaan studeer.

Amper 50% (48,46%) het aangedui dat hulle ook graag in Afrikaans sal wil studeer. Leerders wat in Afrikaans wil studeer het meestal aangevoer dat dit vir hulle makliker is om te verstaan omdat dit hulle huistaal is en hulle dus eerder daarin wil leer.

Tot 85,18% van matrikulante wat aangedui het dat hulle van voorneme is om te studeer, het aangedui dat hulle voltyds wil studeer. Daar was 14,82% studente wat aangedui het dat hulle deeltyds wil studeer. Amper al die studente (98,335%) wat gesê het hulle gaan deeltyds studeer wil ook werk en 33,56% van hierdie leerders het reeds werk vir 2024 gevind.

Onderwys is die gewildste kursus terwyl verskeie kursusse in die mediese studierigting gesamentlik die meeste voornemende studente aantrek. Die groepering van kursusse met betrekking tot besigheid- en finansiële studies, is ook uiters gewild.

Meer as 40,41% van die studente wat aangedui het dat hulle verder wil studeer het nog nie befondsing vir hul studies nie. Slegs 2,06% het aangedui dat hulle 'n beurs het en 9,36% wil van lenings gebruikmaak. 48,17% het aangedui dat hul ouers hul studies sal befonds.


Leerders wat nie gaan studeer nie, wil meestal begin werk. 24,32% het aangedui dat hulle oorsee gaan werk terwyl 30,91% in Suid-Afrika gaan werk.

Meer as 70% (73,32%) van leerders het 'n behoefte aan meer leiding ten opsigte van loopbaankeuses. Amper 60% (57,35%) van die respondente het wel 'n vorm van beroepsassessering gedoen, tog het dit net 'n invloed op 55,81% van leerders se loopbaankeuses of studierigtings gehad.

Volgens die meeste matrikulante van 2023, het die Covid-19-pandemie nie werklik 'n blywende impak op hul lewens gemaak nie.

## 1. Geslag

Vanuit die 3 046 respondente wat aan die studie deelgeneem het, het 3 043 respondente hul geslag aangedui. 59,45% van die respondente is vroulik terwyl slegs 40,55% volgens aanduiding manlik is.




*Figuur 1: Geslag*

## 2. Provinsie

In 2023 is die vraelys vir die eerste keer nasionaal versprei en matrikulante uit alle provinsies is aangemoedig om deel te neem. Leerders is gevra om hul provinsie aan te dui.

Die oorgrote meerderheid (81,13%) van respondente is vanuit Gauteng terwyl die tweede meeste respondente (7,82%) in die Wes-Kaap skoolgaan. Daar is 3,26% leerders vanuit die Vrystaat wat deelgeneem het en 'n totaal van 2,72% leerders wat aangedui het dat hulle in die Oos-Kaap is. Die provinsies waar die minste (0,47%) leerders deelgeneem het, is Noordwes en die Noord-Kaap.

In 2022 het 2 210 leerders vanuit Gauteng aan die studie deelgeneem toe dit slegs plaaslik aan leerders beskikbaar gestel is. Daar is vanjaar 2 417 leerders vanuit Gauteng wat deelgeneem het.




*Figuur 2: Provinsie*

# 3. Skool

3 046 respondente vanuit 101 skole het vanjaar aan die studie deelgeneem. 'n Lys van skole wat gedurende die vorige twee jaar aan die studie deelgeneem het, of wat voor die finalisering van die vraelys bevestig het dat hulle sal deelneem, is in die vraelys verskaf. Leerders kon dus hulle skool kies. Leerders wie se skool nie op die lys verskyn het nie kon die "ander" opsie kies en hulle skool se naam self invul. Daar was 663 (23,17%) leerders wat van die "ander" opsie gebruik gemaak het. Hierdie skole en die aantal leerders wat deelgeneem het, word in die onderstaande tabel vervat.

'n Totaal van 2 922 leerders het hul skole aangedui. Die skool met die meeste respondente is Hoërskool Zwartkop wat 284 respondente opgelewer het. Die matrikulante het almal in die skoolsaal byeengekom en is deur die navorser toegespreek waarna hulle onmiddellik kans gegun is om die vraelys op hulle slimfone in te vul.




*Figuur 3: Skool*

| | |
|---|---|
| Hoërskool Robertson | 1 |
| Hoërskool Breckenfell High | 9 |
| Hoërskool Dr. EG Jansen | 2 |
| Hoërskool Wagpos | 3 |
| Hoërskool Pionier | 8 |
| Hoër Meisieskool Bloemhof | 11 |
| Hoërskool Outeniqua | 9 |
| Ferrum High School | 10 |
| Bethlehem Voortrekker Hoërskool | 32 |
| Hoërskool Strand | 6 |
| Duo Edu | 1 |
| President Steyn Hoërskool | 12 |
| Hoërskool Ferdinand Postma | 1 |
| Jan Krielskool | 4 |
| Optimi Campus | 1 |
| Hoërskool Punt | 1 |
| Hoërskool Riebeeckrand | 1 |
| Hoërskool Erasmus | 1 |
| Steinkopf Hoërskool | 1 |
| Ceres Sekondêr | 1 |
| Eersterivier Sekondêr | 52 |
| Hoërskool Piet Potgieter | 1 |
| Simond Privaatskool | 5 |
| Hoërskool Paul Erasmus High School | 13 |
| CVO-skool Orania | 6 |
| Hoër Volkskool | 1 |
| Global Leadership Academy | 4 |
| Hoërskool De Villiers Graaff | 1 |
| Hoër Tegniese Skool Middelburg | 1 |
| Hoër Landbouskool Boland | 1 |
| Hoërskool Hartbeespoort High School | 1 |
| Hoërskool Calvinia | 1 |
| Hoërskool Montana Worcester | 1 |
| Durban-Noord Kollege | 2 |
| Bellview Institute of Distance Learning | 1 |
| Grey College | 1 |
| Hoërskool Drubanville | 61 |
| Hoërskool Dinamika | 1 |
| St Johns College | 1 |
| Eunice High School | 27 |

| | |
|---|---|
| Hoërskool Noordheuwel | 96 |
| The Bridging Gap Tutoring Centre | 1 |
| Hoërskool Vrendenburg High School | 4 |
| Hoërskool Stella | 4 |
| Teneo Online School | 3 |
| Hoërskool Randburg | 65 |
| Hoërskool Frans du Toit | 10 |
| Empangeni High School | 3 |
| Langeberg Sekondêre Skool | 1 |
| Merensky Landbou Akademie | 23 |
| Tuisonderrig | 1 |
| Hoërskool Hugenote | 2 |
| Hoërskool Stellenberg High School | 1 |
| Hoërskool Wilgerivier | 1 |
| Curro Somerset West High School | 25 |
| Hoërskool Hans Moore | 21 |
| Brainline | 2 |
| Hoërskool Hopefield | 3 |
| Hoërskool Zastron | 1 |
| Impaq Homeschool | 1 |
| Langenhoven Gimnasium | 1 |
| Mamelodi High School | 7 |
| Gelofte Skool | 6 |
| Hoërskool Overkruin | 1 |
| Hoër Landbouskool Jacobsdal | 1 |
| Gill College | 1 |
| Hoërskool Pietersburg | 21 |
| Hoërskool Middelbrug | 2 |
| Hoër Meisieskool Paarl | 1 |
| Hoërskool Despatch | 11 |
| Vrede Skool | 1 |
| Hoërskool Montana | 1 |
| Hoërskool Trio High School | 1 |
| Hoërskool Barberton High School | 4 |
| UCT Online High School | 1 |
| Hoërskool Brits | 1 |
| Kensington Secondary School | 1 |
| Muriel Brand School | 1 |
| Hoërskool Dr. Malan | 1 |
| | |

*Tabel 1: Skole*

## 4. Huistaal

Die meeste leerders (95,23%) wat aan hierdie studie deelgeneem het, het aangedui dat hulle huistaal Afrikaans is; d.w.s dat hulle tuis slegs Afrikaans praat. Slegs 120 (4,12%) leerders het aangedui dat hulle huistaal Engels is.

Daar was 33 leerders wat die "ander" opsie gekies het. Vanuit hierdie 33 leerders het 13 gespesifiseer dat hulle huishoudings tweetalig is, waarvan een van die twee huistale Afrikaans is. Slegs 18 leerders het 'n ander huistaal as Afrikaans, Engels of tweetalig gespesifiseer. Daar was 154 respondente wat die vraag nie beantwoord het nie.

Bogenoemde dui aan dat slegs 4,77% van respondente nie tans in hul moedertaal of ten minste een van hul huistale onderrig ontvang nie.


Volgens die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) se Verslag oor Nasionale Matriekuitslae van 2022 (gepubliseer in November 2022), is die nasionale slaagsyfer 80,1%. Wanneer hierdie syfer ontleed word, presteer Afrikaanse skole veel beter met 85,5% slaagsyfer teenoor die nasionale slaagsyfer van 79,4% wanneer Afrikaanse skole uitgesluit word. Hierdie persentasie belyn dan ook met die uitslae van 2021 toe die slaagsyfer vir Afrikaanse skole 84,9% teenoor die nasionale syfer van 76,4% was.

Vanuit die slaagpersentasie, soos wat die SOS se verslag verder aandui, het 48,9% van leerders in Afrikaanse skole dan ook toegang tot B-graadstudie. Volgens hierdie verslag presteer leerders vanuit hierdie skole ook beter in vakke soos Wiskunde.

Volgens die data vanuit die vraelys wat vanjaar aan leerders beskikbaar gestel is, blyk dit dat die oorgrote meerderheid matrikulante in Afrikaanse skole wel moedertaalonderrig ontvang.

Die afleiding kan gemaak word dat die leeromgewing wat Afrikaanse skole skep, tesame met moedertaalonderrig, 'n positiewe invloed op die prestasie van leerders het en dat sodanige prestasie die geleentheid vir verdere studie, opleiding en indiensneming skep. Hierdie afleiding belyn ook met internasionale studies wat moedertaalonderrig ondersteun.

*Die definisie van Afrikaanse skole wat vir die Verslag oor die Nasionale Matriekuitslae gebruik is, sluit in alle skole wat Afrikaans Huistaal as vak aanbied.




*Figuur 4: Huistaal*

| | | | |
|---|---|---|---|
| Tweetalig | 13 | Setswana | 3 |
| Sesotho | 5 | Xhosa | 3 |
| Sepedi | 2 | Duits | 2 |
| isiZulu | 2 | Tsonga | 1 |

*Tabel 2: Tale wat tuis deur leerders gepraat word*

## 5. Ouers se beroep

Matrikulante is gevra om hulle ouers se beroepe te spesifiseer. 2 541 leerders het die vraag ingevul. Leerders is gevra om beide ouers se beroepe aan te dui, maar nie almal het dit gedoen nie. 'n Totaal van 2 390 vaders se beroepe is aangedui en 'n totaal van 2 455 moeders se beroepe is aangedui. Antwoorde wat grappenderwys ingevul is, is uitgelaat.

Die meeste ouers is werksaam in die onderwys- en opleidingsektor waar 17,56% van moeders en 4,02% van vaders in diens is. Meeste leerders het slegs genoem dat hul ouer 'n onderwyser is. Daar was ook 'n paar matrikulante wat genoem het dat hul ouers lektore by hoëronderwysinstellings is.

Die sektor waarin die tweede meeste leerders se ouers werksaam is, is die tegniese sektor. Hier verteenwoordig 22,04% vaders en 0,41% moeders die sektor volgens die respondente.
Die sektor waarin die tweede meeste moeders (10,87%) werksaam is, is die finansiële sektor. Dit is ook die sektor waarin die derde meeste (8,69%) vaders in diens staan.

Leerders het aangedui dat 10,99% van vaders entrepreneurs is. Dit is die tweede hoogste persentasie van vaders in 'n sektor. Slegs 5,16% moeders is volgens aanduiding entrepreneurs.

Die mediese sektor is die sektor waarbinne die derde meeste moeders (8,52%) se beroepe val. Slegs 3,59% van vaders is in hierdie sektor werksaam. Daar is wel 7,17% verteenwoordiging van vaders in die sektor vir polisiëring, veiligheid en sekuriteit terwyl slegs 2,09% van moeders in hierdie sektor werksaam is.

'n Totaal van 7,81% moeders is volgens aanduiding tuisteskeppers (vaders, 1,72%) terwyl 6,74% van moeders volgens hierdie data geen werk het nie. Dit is nie duidelik of hierdie moeders werkloos, afgetree of tuisteskeppers is nie. Volgens aanduiding het slegs 0,86% vaders geen werk nie.

Die ander sektore waarin moeders ook verteenwoordig word, is bemarking (6,74%), en logistiek en administrasie (5,31%). Vaders, daarteenoor, word meer in die landbousektor (6,03%) verteenwoordig.



| Beroep | Vaders | Moeders |
|---|---|---|
| Onderwys en opleiding | 56 | 344 |
| Werkloos | 58 | 74 |
| Toerisme, gasvryheid en voedsel | 2 | 24 |
| Tegniese beroepe en ambagte | 307 | 8 |
| Finansiële sektor | 121 | 213 |
| Polisiëring, veiligheid en sekuriteit | 100 | 41 |
| Entrepreneurs | 153 | 101 |
| Regslui | 29 | 61 |
| Korporatief | 67 | 73 |
| Landbou | 84 | 14 |
| Bemarking en verkope | 50 | 132 |
| Onseker | 60 | 49 |
| Godsdiens/Bediening | 16 | 15 |
| Oorlede | 27 | 23 |
| Medies, gesondheid en welstand | 50 | 167 |
| Eiendomsmark | 12 | 42 |
| Afgetree | 45 | 35 |
| Logistiek en administrasie | 26 | 104 |
| Navorsing | 5 | 14 |
| Geen | 12 | 132 |
| Maatskaplik | 4 | 25 |
| Buiteland | 33 | 17 |
| Politiek en joernalistiek | 10 | 18 |
| Sport, kunste en vermaak | 9 | 22 |
| Tuisteskepper | 24 | 153 |
| Vervoerdienste | 24 | 13 |
| Skoonheidsbedryf | 9 | 45 |


*Tabel 3: Ouers se beroepe*



## 6. Afrikaans as onderrigtaal

In totaliteit het 73,22% van die matrikulante aangedui dat hulle positief oor Afrikaanse onderrig voel. Uit die 2 655 leerders wat vanjaar hierdie vraag beantwoord het, het 1 196 (45,05%) leerders aangedui dat hulle baie positief oor Afrikaans as onderrigtaal is en 748 (28,17%) leerders het aangedui dat hulle positief is. Slegs 1,05% van matrikulante het aangedui dat hulle negatief oor Afrikaans as onderrigtaal voel.


Daar was 7,16% leerders wat aangedui het dat hulle eerder in 'n ander taal hul onderrig sou wou ontvang en 17,57% wat neutraal oor Afrikaans as onderrigtaal voel.




*Figuur 5: Afrikaans as onderrigtaal*

Die provinsiale syfers van beide Gauteng en die Wes-Kaap, die twee provinsies waarin die meeste matrikulante deelgeneem het, stem met min afwyking ooreen met die nasionale syfers.

In die Wes-Kaap het 'n totaal van 71,89% van leerders aangedui dat hulle positief of baie positief oor Afrikaans as onderrigtaal voel en in Gauteng was daar tot 72,83% van matrikulante wat hierdie sentiment gedeel het. Die enigste werklik sigbare afwykings is dat meer leerders (21,62%) in die Wes-Kaap aangedui het dat hulle neutraal voel oor Afrikaans as onderrigtaal, maar dat minder (5,41%) van hierdie groepering respondente verkies om hul onderrig in Engels of 'n ander taal te ontvang.





*Figuur 6: Afrikaans as onderrigtaal (Wes-Kaap)*

'n Hoë aantal leerders vanuit Gauteng (72,8%) het aangedui dat hulle positief of baie positief oor Afrikaans as onderrigtaal voel wat amper 10% meer as 2022 se 63,4% en 4 persentasie punte meer as 2021 se aanduiding van 68,8% is.

Hierdie syfers is veral interessant omdat die verhouding tot Afrikaanse leerders teenoorgesteld is. In 2022 was daar meer leerders (ongeveer 97%) wat aangedui het dat hulle huistaal Afrikaans is teenoor die ongeveer 94% van 2021 en ongeveer 95% van 2023, tog was die persentasie respondente wat 'n positiewe gevoel teenoor Afrikaans as onderrigtaal het in 2023 en 2021 hoër teenoor die enorme hoeveelheid Afrikaanse leerders in 2022 waarvan slegs ongeveer 63% die sentiment gedeel het.

Wanneer die Gautengse resultate van die afgelope drie jaar op een grafiek aangedui word blyk dit of leerders baie meer positief oor Afrikaans as onderrigtaal is en selfs eerder neutraal voel as wat hulle negatief is of 'n ander onderrigtaal sou verkies.

Die kleinste verskille oor die drie jaar is tussen leerders wat negatief voel of eerder 'n ander onderrigtaal verkies. Groter verskille word waargeneem by kinders wat positief teenoor Afrikaans as onderrigtaal of neutraal voel. Dit wil voorkom of leerders meer geneig is om Afrikaans as onderrigtaal te kies wanneer hulle wel kies eerder as om 'n negatiewe keuse teenoor Afrikaans as onderrigtaal uit te oefen.




*Figuur 7: Afrikaans as onderrigtaal (Gauteng 2021 – 2023)*

# 7. Vakkeuses


Om 'n Senior Sertifikaat na afloop van hulle matriekjaar te verwerf moet leerders sewe vakke voltooi en die eindeksamens daarvoor skryf. Die samestelling van vakke bestaan uit vier verpligte vakke wat behels 'n Huistaal, 'n Wiskunde variant, 'n Eerste Addisionele Taal (of 'n tweede huistaal) en Lewensoriëntering. Die ander drie vakke kan vanuit 'n lys keusevakke deur die leerder gekies word. Leerders maak hulle keuses gewoonlik op grond van dit wat by die betrokke skool beskikbaar is, en wat belyn met hul voornemende studierigting en voldoen aan die toelatingsvereistes wat deur tersiêre instellings daargestel word. Leerders mag meer as drie keusevakke kies.


Die oorgrote meerderheid leerders (95,78%) wat aan hierdie studie deelgeneem het, het aangedui dat hulle Afrikaans Huistaal as vak het. Dit stem ooreen met die 95,23% leerders wat volgens hierdie studie aangedui het dat hulle Afrikaanssprekend tuis is. Daar was 0,11% leerders wat aangedui het dat hulle Afrikaans Addisionele Taal as vak het in stede van Afrikaans Huistaal. 14,12% leerders het Engels as Huistaal gekies. Dit is moontlik om twee huistale in stede van 'n huistaal en 'n addisionele taal te kies. Dit is dus vanselfsprekend dat die meerderheid van respondente se addisionele taal Engels is (82,95%) omdat die meeste skole in Suid-Afrika slegs een opsie vir Huistaal en een opsie vir 'n Addisionele Taal bied. Afrikaanse skole bied gewoonlik Engels as die Eerste Addisionele Taal aan. 82,91% van leerders het aangedui dat hulle Lewensoriëntering neem alhoewel dit 'n verpligte vak is.

Die meeste leerders (52,55%) wat aan hierdie studie deelgeneem het, het Wiskunde as vak gekies in stede van Wiskundige Geletterdheid (42,88%) of Tegniese Wiskunde (3,27%). Daar is 7,15% van leerders wat aangedui het dat hulle ook Alpha Wiskunde as vak geneem het. Hierdie vak word nie by skole as hoofvak aangebied nie, maar slegs as addisionele vak nauurs.

Die keusevak wat die meeste geneem word is Rekenaartoepassingstegnologie (38,17%) gevolg deur Lewenswetenskappe (37,67%) en Fisiese Wetenskap (34,74%). Besigheidstudies (31,74%), Toerisme (29,03%), Ingenieursgrafika en -ontwerp (23,06%) en Rekeningkunde (22,07%) is ook gewild.

Robotika (0,38%) en Musiekteorie (0,95%) is die vakke wat deur die minste leerders geneem word.






*Figuur 8: Vakkeuses*

Die voorafopgestelde lys van vakke wat aan leerders in die vraelys beskikbaar gestel is, is nie volledig nie en kinders is gevra om die ander keusevakke wat hulle neem in te vul indien dit nie op die lys verskyn nie.

Die aantal leerders wat Landbou-verwante vakke neem is 2,17%. Na alle aanduiding word leerders in Tegniese- en Landbouskole wat tans aan die studie deelneem onderverteenwoordig en kan hierdie syfer nie as betroubaar beskou word binne die groter konteks van hierdie studie nie. Dit is ook die geval met betrekking tot meer tegniese vakke.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Afrikaans Eerste Addisionele Taal | 13 | Sweis en Metaal | 1 |
| Landbouwetenskap | 22 | Landboubestuur | 4 |
| Landboutegnologie | 31 | Passer-en-draaier | 3 |
| Dansstudies | 10 | Meganiese ingenieurswese | 1 |
| Tegniese Wetenskappe | 40 | Bakkunste | 1 |
| Geloof | 3 | | |

*Tabel 4: Addisionele vakke wat deur leerders geneem word*

In die onderstaande tabel is vakke volgens gewildheid gegroepeer.


| **Vak** | |
|---|---|
| Afrikaans Huistaal | 95,78% |
| English Home Language | 14,12% |
| English First Additional Language | 82,95% |
| Afrikaans Eerste Addisionele Taal | 0,50% |
| | |
| Wiskunde | 52,55% |
| Wiskundige Geletterdheid | 42,88% |
| Tegniese Wiskunde | 3,27% |
| Alpha Wiskunde | 7,15% |
| | |
| Rekenaartoepassingstegnologie | 38,17% |
| Lewenswetenskappe | 37,67% |
| Fisiese Wetenskappe | 34,74% |
| Besigheidstudies | 31,54% |
| Toerisme | 29,03% |
| Ingenieursgrafika en -ontwerp | 23,06% |
| Rekeningkunde | 22,07% |
| | |
| Geografie | 14,42% |
| Gasvryheidstudies | 11,83% |
| Geskiedenis | 10,96% |
| Verbruikerstudies | 8,07% |
| Inligtingstegnologie | 7,69% |
| Ekonomie | 7,65% |
| Visuele Kuns | 5,06% |
| Dramatiese Kuns | 4,98% |
| | |
| Ontwerp | 3,42% |
| Musiek | 2,25% |
| Duits | 1,64% |
| Frans | 1,41% |
| Musiekteorie | 0,95% |
| Robotika | 0,38% |
| | |
| Elektriese-/Elektroniese Tegnologie | 2,55% |
| Meganiese Tegnologie | 2,51% |
| Siviele Tegnologie | 2,05% |

*Tabel 5: Vakke volgens gewildheid*



## 8. Studie na skool

Leerders is gevra of hulle beplan om na skool verder te studeer. Vanuit die 2 622 leerders wat hierdie vraag beantwoord het, het 82,88% aangedui dat hulle van voorneme is om na skool te gaan studeer. 'n Verdere 12,47% het aangedui dat hulle onseker is en slegs 4,65% van leerders het aangedui dat hulle nie verder gaan studeer nie.




*Figuur 9: Studie na skool*

# 9. Tersiêre instellings


Die heel meeste leerders (30,66%) het aangedui dat hulle van plan is om aan die Universiteit van Pretoria te studeer. Die Universiteit van Stellenbosch lok die tweede meeste leerders (14,64%) terwyl die Noordwes-Universiteit die derde gewildste universiteit is met 11,18% van studente wat aangedui het dat hulle daar wil studeer.

Naas die drie genoemde openbare instellings geniet Sol-Tech (5,22%) en Akademia (4,71%) die meeste aftrek.

Amper 7% van leerders het vanjaar aangedui dat hulle oorsee wil gaan studeer.

Slegs 36 leerders het aangedui dat hulle onseker is oor waar hulle gaan studeer.

Van die instellings wat nie op die vraelys gelys is nie, is die Universiteit van Kaapstad die gewildste met 32 leerders wat aangedui het dat hulle van voorneme is om daar te gaan studeer.





*Figuur 10: Tersiêre instellings*

| | | | |
|---|---|---|---|
| Onseker | 36 | CG Spectrum | 1 |
| South African Wildlife College Trust | 1 | Potchefstroom Chef Academy | 1 |
| Universiteit van Kaapstad | 32 | Elsenberg | 1 |
| Nelson Mandela Universiteit | 10 | Grootfontein | 1 |
| Universiteit van Namibië | 1 | Boston City Campus | 1 |
| SAE College | 5 | Tegnikon | 1 |
| CTIA College | 11 | Academy of Sound Engineering | 1 |
| Eduvos | 15 | Beset Academy | 1 |
| SACAP | 3 | New South Wales University | 1 |
| Wits | 10 | The Animation School SA | 1 |
| Belgium Campus | 17 | Helderberg College | 1 |
| Inscape | 8 | Sanlam | 1 |
| Aanlyn | 3 | Medunza University | 1 |
| Vega | 4 | Sefako Magato Life Siences | 1 |
| Universiteit van Bloemfontein | 2 | Silwood School of Cookery | 1 |
| Bloemfontein Fashion Academy | 1 | Universiteit van die Wes-Kaap | 2 |
| Varsity College | 6 | Elizabeth Galloway Academy of Fashion Design | 1 |
| Hotel School | 8 | Stadio | 5 |
| Isa Carstens | 3 | Peritum Agri | 1 |
| Gameways | 1 | COPA | 1 |
| Oakfield College | 4 | Sondela Academy | 3 |
| Richfield | 3 | TPTT | 5 |
| AIE College | 2 | Stellenbosch | 5 |
| Aleit Academy | 2 | Violatti Fashion School | 1 |
| Prue Leath | 1 | Emirates Flight Attendants School | 1 |
| Orania | 2 | Blue Chip Flight School | 2 |

*Tabel 6: Tersiêre instellings*

Wanneer daar slegs na Gauteng se data gekyk word, stem dit min of meer ooreen met die landswye data. Naas die Universiteit van Pretoria, wat 34,42% van leerders verkies, is hul volgende keuse ook eerder die Universiteit van Stellenbosch (10,04%) as die Noordwes-Universiteit wat slegs 10,04% van leerders trek.




*Figuur 11: Tersiêre instellings (Gauteng)*


Die Universiteit van Pretoria toon 'n daling van net minder as 10% in gewildheid die afgelope 2 jaar onder leerders in Gauteng. Beide die Universiteit Stellenbosch asook die Noordwes-Universiteit blyk 'n meer gewilde keuse vir Afrikaanse studente te raak ten koste van die Universiteit van Pretoria.

Sol-Tech toon ook groei in gewildheid. Akademia toon meer as 'n persentasiepunt se groei vanaf die eerste studie in 2021 alhoewel dit tussen 2022 en 2023 effe gedaal het.

| **Instelling** | **2023** | **2022** | **2021** |
|---|---|---|---|
| Universiteit van Pretoria | 34,42% | 36,70% | 44% |
| Universiteit Stellenbosch | 11,53% | 7,93% | 8% |
| Noordwes-Universiteit | 10,04% | 8,69% | 7% |
| Sol-Tech | 5,53% | 4,64% | 4% |
| Akademia | 5,02% | 5,88% | 4% |

*Tabel 7: Tersiêre instellings volgens gewildheid (Gauteng 2021 – 2023)*

Amper 50% van leerders in die Wes-Kaap wat aan die studie deelgeneem het, het aangedui dat hulle aan die Universiteit van Stellenbosch wil gaan studeer. Die tweede meeste (7,59%) het aangedui dat hulle van plan is om hul studie by die Noordwes-Universiteit op te neem. Tot 29,11% van leerders het aangedui dat hulle eerder aan 'n ander instelling as dié wat gelys is wil gaan studeer.




*Figuur 12: Tersiêre instellings (Wes-Kaap)*

## 10. Oorsese studie

Alhoewel slegs 134 leerders op die vorige vraag aangedui het dat hulle oorsee wil gaan studeer, het 152 leerders ingevul in watter land of staat hulle wil studeer. Dit is moontlik die gevolg van leerders wat nie die vorige vraag ingevul het nie en dus outomaties na hierdie vraag as die volgende vraag herlei is. Dit verduidelik ook hoekom 10 van die respondente aangedui het dat hulle van voorneme is om in Suid-Afrika te studeer.

Die mees populêre oorsese bestemming om te studeer is Die Verenigde State van Amerika (VSA), wat deur 40 leerders aangedui is. Engeland (15) blyk die volgende gewildste bestemming te wees en daarna Australië (11) en Nieu-Seeland (10).


In Europa is die gewildste bestemming vir studie Nederland (9) gevolg deur Duitsland (6).

Daar is ook 14 leerders wat genoem het dat hulle onseker is oor die land waar hulle gaan studeer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Nieu-Seeland | 10 | China | 1 |
| Suid-Afrika | 10 | Denemarke | 1 |
| Onseker | 14 | Swede | 1 |
| VSA | 40 | Switserland | 2 |
| Engeland | 15 | Australië | 11 |
| Japan | 3 | Kanada | 5 |
| Skotland | 1 | Portugal | 1 |
| Europa | 5 | Abu Dhabi | 1 |
| Duitsland | 6 | Nederland | 9 |
| Bulgarye | 1 | België | 2 |

*Tabel 8: Lande waar leerders wil studeer*

Leerders wat aangedui het dat hulle oorsee gaan studeer is ook gevra hoe hul studies gefinansier gaan word. 62,58% van leerders wat hierdie vraag beantwoord het, het aangedui dat hulle ouers vir hul oorsese studie gaan betaal. Slegs 8,39% sal met 'n sportbeurs oorsee gaan studeer en 10,32% met 'n akademiese beurs.




*Figuur 13: Finansiering van studie*

4,52% van leerders het aangedui dat hulle 'n werk het en sodoende hul studies daardeur sal befonds. Sommige leerders het genoem dat hulle gaan au pair terwyl ander geen inligting van die soort werk wat hulle gaan verrig, verskaf het nie.


| | | | |
|---|---|---|---|
| Onseker | 4 | Beurs | 4 |
| Self | 5 | Familie | 4 |
| (Studente)lening | 3 | Erflating | 1 |
| Borg | 1 | Werk | 7 |

*Tabel 9: Befondsing van oorsese studie*



## 11. Voltydse of deeltydse studie


Die oorgrote meerderheid (85,18%) van matrikulante wat aangedui het dat hulle by instellings in Suid-Afrika wil studeer, het ook aangedui dat hulle van voorneme is om voltyds te studeer. Slegs 14,82% het aangedui dat hulle deeltyds gaan studeer.




*Figuur 14: Voltydse en deeltydse studie*


## 12. Werk gedurende deeltydse studie

Amper al die studente (98,33%) wat deeltyds wil studeer, wil ook werk terwyl hulle studeer. Slegs 5 respondente het aangedui dat hulle nie gedurende hulle deeltydse studie van plan is om te werk nie.





Figuur 15: Werk gedurende deeltydse studie

Respondente wat aangedui het dat hulle wil werk gedurende hul deeltydse studie, is gevra in watter rigting hulle van plan is om te werk. Hulle kon 'n keuse uitoefen tussen die rigting van hul studie of 'n rigting wat nie met hul studierigting verband hou nie. Amper 80% van leerders het aangedui dat hulle in dieselfde rigting wil of gaan werk as wat hulle studeer. Daarteenoor het 29,01% van respondente aangedui dat die rigting nie werklik vir hulle relevant is nie.




Figuur 16: Rigting van werk

Daar is vir hierdie respondente gevra of hulle al só 'n werk vir 2024 ontvang het. Net 33,56% van matrikulante wat deeltyds wil studeer en wil werk, het aangedui dat hulle reeds werk gevind het. Die meerderheid (66,44%) het nog nie werk vir die volgende jaar nie.




*Figuur 17: Leerders wat reeds werk gekry het*



# 13. Studierigtings

Kwalifikasies in die mediese rigting is volgens hierdie studie die gewildste. 226 leerders het aangedui dat hulle hulleself in hierdie beroepsrigting wil kwalifiseer. Die gewildste studierigting is medies (MBChB) wat deur 90 leerders gekies is, waarna fisioterapie (34 leerders) en arbeidsterapie (31 leerders) die meeste aftrek geniet. Daar is 24 leerders wat aangedui het dat hulle verpleegkunde wil studeer. In 'n latere vraag oor die invloed wat die Covid-19-pandemie op leerders gehad het, het 'n aantal matrikulante genoem dat dié pandemie hulle laat besef het dat hulle mense wil help en daarom het hulle besluit om in 'n mediese rigting te studeer.

Studierigtings in die finansiële- en besigheidsrigting trek die tweede grootste hoeveelheid leerders. 'n Totaal van 216 leerders het aangedui dat hulle van voorneme is om kwalifikasies in hierdie veld te verwerf. BCom Rekeningkunde is die mees gewilde (68 leerders) van hierdie studierigtings.
Onderwys is die derde gewildste studierigting en 172 leerders het aangedui dat hulle van plan is om in hierdie rigting te studeer. Die vraag oor die impak van die Covid-19-pandemie op hierdie leerders se toekomsvisie het aangedui dat hulle die noodsaaklikheid van onderwys besef en dit as 'n volhoubare beroep beskou.

Die regte en veral die LLB-kwalifikasie is ook 'n rigting wat vir leerders aanloklik is. Amper 170 leerders wil regte studeer en 60 leerders het spesifiek aangedui dat hulle juis die LLB-kursus wil neem.

Die kunste, veral musiek (33) en grafiese ontwerp (22) lê vyfde op die lys van gewilde studierigtings volgens data wat tydens hierdie studie ingesamel is. Daarna is rigtings in Kommunikasie, Geesteswetenskappe en Inligtingstegnologie ewe gewild met 136 leerders wat aangedui het dat hulle beroepe in daardie rigtings nastreef. Uit die Geesteswetenskappe het tot 82 leerders Sielkunde gespesifiseer. Leerders het in 'n latere vraag oor die impak van die Covid-19-pandemie op hul toekomsvisie geantwoord dat hulle gesien het hoeveel mense se geestelike welstand onder die pandemie gebuk gegaan het en dat daar na hulle mening 'n groot vraag na sielkundige hulp is en dat hulle van voorneme is om hierdie mense te help en by te staan.
Ander gewilde studierigtings is Ambagte en ander tegniese rigtings (124 leerders), Natuurwetenskappe (108 leerders), Ingenieurswese (84 leerders) en Eiendom, Konstruksie en Argitektuur (83 leerders).

Slegs 71 leerders het aangedui dat hulle nie seker voel oor die rigting waarin hulle wil studeer nie.

*Tabel 10: Studierigtings*

| **Mediese en verwante studies** | **226** |
|---|---|
| Oudiologie | 1 |
| Biomediese ingenieurswese | 3 |
| Biokinetika | 9 |
| Chiropraktisyn | 4 |
| Arbeidsterapie | 31 |
| Patologie | 1 |
| Ortodonsie en Prostetika | 1 |
| Sonografie | 1 |
| Radiografie | 6 |
| Verpleegkunde | 24 |
| BSc Mediese Wetenskappe | 2 |
| Tandheelkunde | 4 |
| Medies (MBChB) | 90 |
| Gesondheidswetenskappe en sportbestuur | 2 |
| Fisioterapie | 34 |
| Aptekerswese | 7 |
| Dieetkunde | 2 |
| Noodhulp | 2 |
| Spraakterapie | 2 |

| **Finansiële en Besigheidstudies** | **216** |
|---|---|
| BCom Voorsieningskettingbestuur | 4 |
| Verbruikerswetenskappe | 2 |
| BCom Internasionale handel | 2 |
| BCom Statistiek | 2 |
| BCom Datawetenskap | 3 |
| BCom Finansies | 4 |
| BCom Bemarkingsbestuur | 7 |
| Finansiële Bestuur | 3 |
| Bemarking | 21 |
| Finansies | 22 |
| Finansiële Wetenskappe | 6 |
| Besigheid | 32 |
| BCom Beleggingsbestuur | 3 |
| BCom Rekeningkunde | 68 |
| BCom | 14 |
| BCom Ekonomie | 2 |
| BCom Rekeningkundige wetenskappe | 7 |
| BCom Informatika | 2 |
| BCom Entrepreneurskap | 1 |
| Intêrne Oudit | 7 |
| BCom Ondernemingsbestuur | 4 |

| **Onderwys** | **172** |
|---|---|
| Onderwys | 144 |
| B.Ed. Grondslagfase | 19 |
| B.Ed. Intermediêre fase | 8 |
| Vroeë kinderontwikkeling | 1 |

| **Regte** | **169** |
|---|---|
| BCom Regte | 32 |
| LLB | 60 |
| BA Regte | 30 |
| Advokaat | 1 |
| Regte | 46 |

| **Kommunikasie en Geesteswetenskappe** | **136** |
|---|---|
| Multimedia | 3 |
| Visuele kommunikasie | 3 |
| Publisering | 1 |
| Digitale bemarking | 17 |
| BA Kommunikasie en Joernalistiek | 12 |
| Politieke Wetenskappe | 1 |
| BA Inligtingsontwerp | 6 |
| Maatskaplike werk | 2 |
| Kriminologie | 7 |
| Sielkunde | 79 |
| Argeologie | 2 |
| BA Sielkunde | 3 |

| **Kunste** | **134** |
|---|---|
| Binnenshuise versiering ('interior design') | 11 |
| Drama ('acting') | 3 |
| Industriële ontwerp | 4 |
| Digitale kuns en ontwerp | 1 |
| Grafiese ontwerp | 22 |
| BMus | 3 |
| Fotografie | 8 |
| Drama | 8 |
| Musiek | 33 |
| Musiekvervaardiging | 1 |
| Filmstudies | 11 |
| Illustrasie | 1 |
| Animasie/3D | 6 |
| Mode | 1 |
| Modeontwerp | 2 |
| Kuns | 2 |
| Ontwerp | 1 |
| Interaksie-ontwerp ('Interaction design') | 2 |
| Visuele Studies | 2 |
| 'Voice acting' | 9 |
| Klankingenieur | 3 |

| **Inligtingstegnologie** | **133** |
|---|---|
| Computer-aided Design (CAD) | 1 |
| B-graad in Programmering | 10 |
| UX- en UI-ontwerp | 2 |
| Netwerkingenieur | 2 |
| Inligtingstegnologie | 40 |
| BIT | 1 |
| BSc Rekenaarwetenskappe | 11 |
| Kuber sekuriteitsanalis | 6 |
| Speletjie ontwerp ('game design') | 5 |
| Webontwerp | 6 |
| Sagtewareontwikkeling | 4 |
| Sagteware-ingenieur | 12 |
| BSc Inligting- en Kennisstelsels | 6 |
| BSc Inligtingstegnologie | 4 |
| Rekenaarwetenskap | 21 |
| "Bachelor of Computing" | 2 |

| **Eiendom, Konstruksie en Argitektuur** | **83** |
|---|---|
| Argitektuur | 45 |
| BSc Konstruksiebestuur | 2 |
| BSc Eiendomwese ('real estate') | 32 |
| BSc Argitektuur | 4 |

| **Toerisme en Gasvryheidstudies** | **54** |
|---|---|
| Bote/Skepe | 4 |
| Toerisme | 5 |
| Gasvryheid | 7 |
| Kookkuns | 4 |
| Sjef | 17 |
| Sjef vir fyngebak | 9 |
| Hotelbestuur | 3 |

| Ambagte of tegniese rigtings | 124 |
|---|---|
| Ambag | 27 |
| Meulmaker | 4 |
| Somatologie | 6 |
| Tekenaar ('drafting') | 2 |
| Dieselwerktuigkundige | 14 |
| Werktuigkundige | 7 |
| Elektries | 19 |
| Motorwerktuigkunde | 1 |
| Produkontwerp | 3 |
| Kliniese Tegnologie | 2 |
| Gereedskapmaker | 11 |
| Skoonheid | 5 |
| Passer-en-draaier | 23 |

| Natuurwetenskappe | 108 |
|---|---|
| Wildlewe-bestuur | 3 |
| Landbou | 17 |
| Marinebiologie | 2 |
| Veearts | 24 |
| Fisiologie | 2 |
| Forensiese wetenskappe | 1 |
| Veekunde | 2 |
| BSc Mikrobiologie | 6 |
| Landbou-ekonomie | 1 |
| BSc Landbou | 1 |
| Biotegnologie | 2 |
| BSc Biologiese wetenskappe | 5 |
| BSc Biochemie | 11 |
| BSc Biologiese en landbouwetenskappe | 2 |
| Biologie | 1 |
| Natuur/Wildbewaring | 3 |
| BSc Wingerd en Wynbou | 1 |
| BSc Voedselwetenskappe | 1 |
| BSc Geografie en omgewingswetenskappe | 2 |
| BA Geografie | 1 |
| Geologie | 9 |
| Astrofisika | 7 |
| "Greenkeeping" | 1 |
| Dierkunde | 2 |
| Bosbou | 1 |

| Ingenieurswese | 84 |
|---|---|
| Industriële ingenieurswese | 7 |
| Siviele ingenieurswese | 14 |
| Elektriese ingenieur | 9 |
| Chemiese ingenieurswese | 10 |
| Rekenaar-ingenieurswese | 4 |
| Ingenieurswese | 5 |
| Meganiese ingenieurswese | 9 |
| Elektroniese ingenieurswese | 5 |
| Sweis | 12 |
| Bedryfsingenieurswese | 8 |
| Lugvaart-ingenieur | 1 |

| | |
|---|---|
| **Bsc, Fisika, Wiskunde en Chemie** | **29** |
| BSc Aktuariële wetenskappe | 7 |
| BSc | 2 |
| BSc Chemie | 1 |
| BSc Informatika | 2 |
| BSc Wiskunde | 11 |
| BSc Wiskundige statistiek | 1 |
| BSc Fisika | 5 |


| | |
|---|---|
| **Lugvaart** | **10** |
| Vlieënier | 6 |
| Lugwaardin | 4 |

| | |
|---|---|
| Onseker | 71 |



# 14. Studie in Afrikaans

Amper 50% van matrikulante wat hierdie vraag beantwoord het, het aangedui dat hulle graag in Afrikaans wil studeer. Slegs 29,24% het aangedui dat hulle nie in Afrikaans wil studeer nie, terwyl 22,31% onseker was daaroor.




*Figuur 18: Studie in Afrikaans*

Vanuit die 958 leerders wat aangedui het dat hulle in Afrikaans wil studeer, het 903 in 'n opvolg vraag ingevul waarom hulle Afrikaans as onderrigtaal verkies. Leerders kon in hul eie woorde uitdruk hoe hulle oor onderrig in Afrikaans voel.

Deur kodifisering en inhoudsanalise is drie hooftemas geïdentifiseer:

1. Dis hulle huistaal of moedertaal
2. Dit is makliker ten opsigte van begrip en akademie
3. Dis hulle passie en trots

Meeste antwoorde het meer as een rede bevat. Die antwoorde is volgens hulle eerste rede gegroepeer waarna verdere redes binne daardie groepering ontleed is.

Alhoewel daar leerders is wat kort antwoorde soos "Dis my huistaal/moedertaal", "Dit is my taal waarop ek trots is" en "Ek verstaan dit beter so" gegee het, het die oorgrote meerderheid van matrikulante gekies om uit te brei en meer as een rede te verskaf.

Leerders se antwoorde is direk aangehaal sonder enige redigering.

**1. Huistaal of Moedertaal (55,83%)**

Die meeste leerders het aangedui dat hulle in Afrikaans wil studeer omdat dit hulle huistaal of moedertaal is. Beide terme word gebruik om dieselfde konsep te omskryf. Leerders neem ook 'n huistaal as vak, en daar word ook in hierdie vraelys na 'n huistaal verwys. Vir die doel van hierdie studie word moedertaal en huistaal sinoniem aan mekaar gestel.

'n Groot aantal leerders het uitgebrei en verduidelik dat hulle die beste verstaan en leer in hul huistaal. Die antwoorde skep die gevoel dat dit vir leerders vanselfsprekend is om onderrig in hul huistaal te ontvang en dat dit vir hulle net so vanselfsprekend is dat verdere opleiding en studie ook in hierdie taal moet geskied.

Ander leerders het ook passievol gereageer en bygevoeg dat dit nie net die taal is wat hulle verstaan en waarin hulle beter leer nie, maar dat hulle ook 'n gevoel van trots en lojaliteit teenoor die taal en die toekoms van die taal koester.

- Dis my huistaal ek verstaan beter sekere terme.
- Dit is my moedertaal, Afrikaans is my kultuur en ek leer die beste in my moedertaal.
- Moedertaal onderrig kan direk gekoppel word aan akedemiese prestasie. Ek is baie trots op my taal en sal verkies om daarin te studeer.
- Ek gaan al vir 12 jaar skool in Afrikaans, dit is n mooi taal en ek voel Afrikaans is ook baie vanselfsprekend.
- Afrikaans is my huistaal en ek voel ek het baie meer selfvertroue as ek in my moedertaal praat.
- Afrikaans is ons moedertaal en ons moet dit bewaar. Afrikaans is meer as  taal en bring bring mense bymekaar.




**2.Makliker ten opsigte van begrip en akademie (33,41%)**

'n Groot hoeveelheid leerders wat die vraag beantwoord het, het aangedui dat hulle verkies om in Afrikaans te studeer omdat dit vir hulle makliker of meer verstaanbaar is. Die leerders wie se antwoorde hoofsaaklik hierbinne gegroepeer is, is leerders wat tot 'n mate minder emotief geantwoord het en bloot op die praktiese implikasie van 'n taalverandering gefokus het. Hierdie leerders verkies om in Afrikaans te leer omdat dit die taal is waarin hulle konsepte die maklikste verstaan en begryp, en dus beter kan presteer. Hulle wil nie na 'n ander taal oorskakel en die risiko loop om as gevolg daarvan minder te verstaan en dus swakker te presteer nie.

Swak prestasie as gevolg van skoolwerk wat nie verstaan word nie is verskeie kere deur leerders genoem toe hulle in hierdie studie gevra is wat die impak van die Covid-19-pandemie op hul toekomsvisie en -verwagtinge was. Dit is moontlik dat dit hier ook 'n rol speel. Dit wil voorkom of hierdie leerders wil verstaan wat hulle leer en dat hulle wil presteer. Dit blyk of hulle besef dat moedertaalonderrig die leerproses vir hulle vergemaklik en hulle wil nie op maniere of in tale leer wat die leerproses bemoeilik en hul prestasie negatief kan beïnvloed nie.

Daar was 'n aantal leerders in hierdie groepering wat voel dat hulle keuse om in Afrikaans te studeer ook bydra tot die voortbestaan van die taal.

- Dis makliker om wetenskaplike name te verstaan in Biologie.
- Ek leer meer effektief en verstaan dit wat ek leer beter.
- Dit is Baie Meer sinvol want ek Leer al vir 12 jaar hoe om die werk in afrikaans te doen en verstaan beter so.
- Dit is makliker aangesien ek vir 12 jaar onderig in afrikaans gekry het. Meeste van die terme vir wiskunde verstaan ek beter in afrikaans as engels.
- Want dit is meer verstaan baar en makliker om te studeer. Ek sal graag Afrikaans as 'n taal wil laat voorgaan en nie uit sterf nie.
- Dit is maklik om te verstaan en kan myself beter uitbeeld , deel van my kultuur.
- Ek voel dat dit die taal is wat ek die meeste verstaan en dat dit belangrik is vir ons land sodat afrikaans nie uitsterf nie.

### 3. Passie en trots (10%)

10% van leerders wat hierdie vraag ingevul het, het aangedui dat Afrikaans hulle trots maak, dat hulle passievol daaroor voel en dat hulle wil voorkom dat die taal uitsterf. Hierdie leerders het nie huistaal/moedertaal genoem nie, maar het graag genoem dat dit "my" taal is en bygevoeg dat dit die taal is wat hulle verstaan. Hulle demonstreer ook 'n mate van verantwoordelikheid met betrekking tot die voortbestaan van die taal.


- Omdat dit 'n unieke taal is in die wêreld. Daar is n handjie vol mense wat dit ordentlik praat. En ek voel dat die taal besig is om te sterf as gevolg van min mense wat belangstel in die taal.
- Dis my taal. Ek is Trots Suid Afrikaans.
- Afrikaans is die taal van ons nasie. Dis die taal waarin ek groot word en n taal waarop ek trots kan staan. Dis n taal vol uniekhede. Ek sou graag in Afrikaans wil studeer omdat ek trots wil staan en sê dat ek kan leer in n taal waarop ek trots is. Dis die taal wat ek verstaan en die taal waarop ek my onderig wil ondersteun.
- Ek glo ek moet die reg hê om in my taal onderrig te ontvang en ook omdat ons die afrikaanse taal lewendig moet hou en voort bou.
- Dit is my taal waarop ek trots is.

Die afleiding wat uit hierdie antwoorde gemaak kan word, is dat die leerders wat besluit het dat hulle in Afrikaans wil studeer, duidelik die waarde van moedertaalonderrig besef. Dit is vir hulle vanselfsprekend dat iemand in sy huistaal/moedertaal onderrig moet ontvang en dat hulle dan na afloop van hul skoolloopbaan verder in hierdie taal hulle opleiding moet ontvang. Hulle besef dat hulle beter sal presteer omdat hulle konsepte en abstrakte begrippe beter sal begryp as dit in hul moedertaal aan hulle verduidelik word. Om werklike begrip te toon is vir hulle uiters belangrik.



## 15. Studiebefondsing


Amper 60% van matrikulante het aangedui dat hulle reeds befondsing het om te kan studeer. 48,17% se ouers sal daarvoor betaal terwyl 9,36% met 'n lening sal studeer en 2,06% 'n beurs het. Daar is egter 40,41% van leerders wat nog nie befondsing vir hul voorgenome studies het nie.




*Figuur 19: Studiebefondsing*

## 16. Werk en woon in Suid-Afrika


Die meeste matrikulante (39,11%) is onseker of hulle in Suid-Afrika wil bly na afloop van hul studies. Daar is 37,15% van die respondente wat aangedui het dat hulle wel in Suid-Afrika wil aanbly terwyl slegs 23,74% aangedui het dat hulle nie in Suid-Afrika wil bly nie.




*Figuur 19: Studiebefondsing*

# 17. Leerders wat nie gaan studeer nie

Daar is vir leerders wat aangedui het dat hulle nie gaan studeer nie, gevra wat hulle toekomsplanne is. Hulle het meestal (24,32%) aangedui dat hulle beplan om te werk. Die tweede grootste hoeveelheid van hierdie respondente (12,73%) is onseker oor wat hulle gaan doen, terwyl 9,77% graag sou wou studeer maar nie glo dat hulle kan nie as gevolg van finansiële uitdagings. 'n Klein hoeveelheid matrikulante (5,23%) gaan 'n gapingsjaar neem en 'n oorbruggingskursus doen terwyl 2,50% aangedui het dat hulle 'n gapingsjaar gaan neem, maar nie werklik beplan om iets in hierdie tyd te doen nie. 4,55% van respondente het aangedui dat hulle wil studeer, maar dat hulle punte nie goed genoeg is nie.




*Figuur 21: Leerders wat nie studeer nie*


Vanuit die leerders wat die "ander" opsie gekies het, het nege aangedui dat hulle van plan is om verdere opleiding te ondergaan. Dit sluit spysenieringing, vliegopleiding en wildsplaasbestuur in. Daar was ook leerders wat aangedui het dat hulle indiensopleiding gaan ontvang en ander wat aangedui het dat hulle 'n gapingsjaar gaan neem en gaan werk sodat hulle kan spaar om te studeer. Vyf leerders het aangedui dat hulle gaan werk en vier het aangedui dat hulle hulle eie onderneming gaan begin.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Eie onderneming | 4 | Gapingsjaar om te werk en te spaar vir studie | 6 |
| Indiensopleiding | 6 | Gapingsjaar om sendingwerk te doen | 1 |
| Wil studeer, maar neem gapingsjaar om studierigting vas te stel | 4 | Werk | 5 |
| Gaan professioneel sport doen | 3 | Militêre rigting | 2 |
| Militêre rigting oorsee | 1 | Verdere opleiding | 9 |

*Tabel 11: Leerders wat nie gaan studeer nie*

# 18. Leerders wat gaan werk

Van die leerders wat aangedui het dat hulle na skool gaan werk eerder as om te studeer het 41,73% aangedui dat hulle nog werk moet soek. 28,06% het aangedui dat hulle in 'n familie-onderneming gaan werk en 5,04% het aangedui dat hulle op 'n skip gaan werk terwyl 3,60% studentewerk gaan doen.




*Figuur 22: Werk na skool*

Daar was 29 matrikulante wat die "ander" opsie gekies het. Hieruit het agt leerders nie gespesifiseer in watter rigting hulle gaan werk nie. Die ander leerders gaan onder andere ook au pair, internskappe doen, in tegniese rigtings werk of hul eie onderneming begin.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Deeltydse afrigting | 1 | Werk op 'n myn | 1 |
| Persoonlike assistent/ontvangs | 2 | Au pair | 3 |
| Tegniese rigting | 2 | Internskap | 2 |
| Uitvoerende kunste | 2 | Eie onderneming | 2 |
| Ongespesifiseerd | 8 | Lugwaardin | 1 |
| Slaghuis | 1 | Skoonheid | 1 |
| Trouvenue | 1 | Troeteldierwinkel | 1 |
| Weermag | 1 | | |

*Tabel 12: Leerders wat gaan werk*

Leerders wat aangedui het dat hulle reeds werk vir 2024 het, is gevra om aan te dui waar hulle gaan werk, in watter sektor die werk is en of dit voltyds of korttermyn is.

Die meeste leerders het aangedui dat hulle in Gauteng werk gevind het, oor die algemeen in Pretoria. Daar is 10 leerders wat nie die dorp of stad gespesifiseer het nie en slegs genoem het dat hul voorgenome werk in Gauteng is.

Vier leerders het reeds werk in die Vrystaat en die Wes-Kaap onderskeidelik, en drie leerders het reeds werk in Mpumalanga. Nog drie ander het werk in Noordwes.

| | |
|---|---|
| **Gauteng** | **51** |
| Pretoria | 18 |
| Brits | 1 |
| Gauteng | 10 |
| Centurion | 5 |
| Johannesburg | 4 |
| Krugersdorp | 5 |
| Randfontein | 1 |
| Alberton | 1 |
| Boksburg | 5 |
| Wadeville | 1 |

| | |
|---|---|
| **Mpumalanga** | **3** |
| Nelspruit | 1 |
| Hazyview | 1 |
| Dullstroom | 1 |

| | |
|---|---|
| **Wes-Kaap** | **4** |
| Kaapstad | 2 |
| St. Helena baai | 1 |
| George | 1 |

| | |
|---|---|
| **Limpopo** | **2** |
| Warmbad | 1 |
| Hoedspruit | 1 |

| | |
|---|---|
| **Noord-Wes** | **3** |
| Rustenburg | 3 |

| | |
|---|---|
| **Oos-Kaap** | **1** |
| Gqeberha (Port Elizabeth) | 1 |

| | |
|---|---|
| **Vrystaat** | **4** |
| Parys | 1 |
| Senekal | 1 |
| Warden | 1 |
| Bethlehem | 1 |

| | |
|---|---|
| Onseker | 12 |

*Tabel 13: Waar leerders gaan werk*

Die sektore wat geïdentifiseer is, word in die onderstaande tabel uiteengesit. Tot 23 leerders het aangedui dat hulle werk in die ambagte of tegniese beroepe het. Daar is vyf leerders wat reeds werk in die toerisme-, gasvryheid- en voedselbedryf het en 'n ander vyf leerders wat werk in bemarking en verkope gekry het.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Onderwys en opleiding | 3 | Skoonheidsbedryf | 4 |
| Toerisme, gasvryheid en voedsel | 5 | Sport, kunste en vermaak | 4 |
| Tegniese beroepe en ambagte | 23 | Maatskaplik | 2 |
| Finansiële sektor | 2 | Geen | 1 |
| Polisiëring, veiligheid en sekuriteit | 3 | Logistiek en administrasie | 3 |
| Entrepreneurs | 3 | Eiendomsmark | 2 |
| Korporatief | 1 | Medies, gesondheid en welstand | 3 |
| Landbou | 3 | Onseker | 3 |
| Bemarking en verkope | 5 | | |

*Tabel 14: In watter sektore leerders gaan werk*

Net 'n klein hoeveelheid leerders (4) is onseker of hulle werk voltyds of korttermyn van aard is. Die grootste hoeveelheid leerders wat reeds werk het, het aangedui dat dit 'n voltydse werk is en 26 leerders het aangedui dat die betrekking slegs korttermyn is.


| | | | |
|---|---|---|---|
| Geen | 1 | Korttermyn | 26 |
| Onseker | 4 | Voltyds | 40 |

*Tabel 15: Voltydse en korttermyn werk*



## 19. Werk oorsee

Vanuit die 107 leerders wat hierdie vraag beantwoord het, het die minderheid (23,36% ) aangedui dat hulle reeds werk in die buiteland gevind het. Die oorblywende 76,64% respondente het aangedui dat hulle nog geen werk oorsee het nie.




*Figuur 23: Werk oorsee*

Volgens verdere aanduiding is die Verenigde State van Amerika die gewildste bestemming vir leerders om te gaan werk. Dit was ook volgens aanduiding die gewildste buitelandse bestemming vir studie. Daar is drie leerders wat genoem het dat hulle in Frankryk gaan werk, twee leerders wat genoem het dat hulle op skepe gaan werk en 'n ander twee wat in Engeland gaan werk.


| | | | |
|---|---|---|---|
| Switserland | 1 | Engeland | 2 |
| Skepe | 2 | VSA | 10 |
| Bahamas | 1 | Kongo | 1 |
| Frankryk | 3 | Nieu-Seeland | 1 |
| Kanada | 1 | Europa | 1 |
| Nie gespesifiseerd | 1 | China | 1 |
| Alaska | 1 | | |

*Tabel 16: Waar gaan leerders oorsee werk?*

## 20. Gemeenskapswerk

Die meeste leerders (36,58%) het aangedui dat hulle in gemeenskapsdiens belangstel terwyl 32,52% aangedui het dat hulle nie in hierdie tipe werk belangstel nie. Daar is 30,89% van leerders wat moontlik in gemeenskapswerk belang sou stel. 'n Totaal van 2 266 leerders het hul keuse aangedui.

Oor die algemeen is meisies meer geneë om gemeenskapswerk te verrig. Wanneer die data tussen die manlike en vroulike respondente verdeel word, dui amper 50% (49,46%) meisies aan dat hulle in hierdie werk belang stel teenoor slegs 16,59% seuns. Meer as die helfte van die seuns (51,69%) het aangedui dat hulle nie in gemeenskapswerk soos genoem belang stel nie terwyl slegs 20,23% meisies hierdie sentiment deel. 30,31% van meisies en 31,72% van seuns het gemeenskapswerk as 'n moontlikheid aangedui in ooreenstemming met die gesamentlike persentasies soos in die onderstaande grafiek verskaf.




*Figuur 25: Gemeenskapswerk*








Hierdie leerders is ook gevra om redes te verskaf vir hulle keuse om oorsee te gaan werk.

Dieselfde hoeveelheid leerders (29,25%) wat aangedui het dat hulle oorsee wil gaan werk omdat hulle wil reis en die wêreld wil sien, het ook aangedui hulle voel hulle het nie 'n toekoms in Suid-Afrika nie. 'n Verdere 27,36% leerders het gevoel hulle het geleenthede oorsee wat hulle nie in Suid-Afrika het nie. 8,49% van leerders het aangedui dat hulle familie oorsee het.

Leerders wat die "ander" opsie gekies het, het onder andere genoem dat hulle oorsee gaan au pair en dat hulle geld wil spaar met die werk oorsee sodat hulle kan studeer. Een leerder wil graag terugkeer na Suid-Afrika om 'n onderneming op eie bodem te begin.





*Figuur 24: Redes vir werk oorsee*

# 21. Loopbaanvoorligting

Daar is 'n baie duidelike behoefte vir leiding met betrekking tot loopbaankeuses. Die oorgrote meerderheid matrikulante (73,32%) het aangedui dat hulle graag leiding met betrekking tot hulle loopbaankeuses sou wou ontvang terwyl 26,68% aangedui het dat dit nie nodig is nie.


Dieselfde vraag is in 2021 en 2022 aan matrikulante gerig wat aan die studie deelgeneem het. Die vraelys was toe egter net in Gauteng aan leerders beskikbaar gestel. Hierdie groep matrikulante het gevoel dat hulle nie toegang tot voldoende loopbaanvoorligting gehad het nie omdat die inperkingstyd enige kontaksessies verhoed het. Hulle onderwysers het egter tydens gesprekke aangedui dat daar wel geleentheid aan leerders gebied is om meer oor die verskeie studierigtings en loopbane te leer.

Dit is interessant dat leerders na hulle terugkeer tot skool, soos voor die pandemie, steeds voel hul blootstelling aan loopbaanvoorligting is nie voldoende nie.





*Figuur 26: Leiding m.b.t. loopbaankeuses*

Leerders is verder gevra of hulle 'n belangstellingstoets of beroepsassessering gedoen het. In totaliteit het die meeste leerders 57,35% aangedui dat hulle wel so 'n toets voltooi het. Die oorgrote meerderheid (40,08%) van hierdie matrikulante het sodanige toets by 'n spesialis voltooi, terwyl 17,27% van leerders van 'n aanlyn platform gebruik gemaak het om so 'n toets te voltooi. Meer as 40% van matrikulante het egter geen vorm van 'n loopbaanbepaler of belangstellingstoets voltooi nie.




*Figuur 27: Beroepsvoorligting/belangstellingstoetse*

Leerders wat 'n vorm van 'n loopbaanbepaler of belangstellingstoets gedoen het, is gevra of die uitslae daarvan hul studierigting of loopbaankeuse beïnvloed het. Dit is interessant dat daar slegs 'n verskil van 11,62% tussen die twee antwoorde is. Die meeste leerders (55,815%) het aangedui dat dit wel 'n invloed op hulle keuse van studierigting gehad het, teenoor die ander 44,19% volgens wie daar nie 'n invloed was nie.





*Figuur 28: Die invloed van loopbaanassesseringstoetse*

# 22. Solidariteit Jeug

Solidariteit Jeug bied gratis dienste aan onder andere leerders van skoolgaande ouderdomme. Die volgende vrae is met betrekking tot Solidariteit Jeug en sy dienste gevra.

In 'n vraag of leerders bewus is van die dienste wat Solidariteit Jeug bied, het die meeste matrikulante (77,39%) aangedui dat hulle nie bewus is van hierdie gratis dienste wat aan hulle beskikbaar is nie. Daar was wel 22,61% wat bewus is van Solidariteit Jeug se dienste.




*Figuur 29: Kennis van Solidariteit Jeug*

Leerders is ook gevra om die dienste op Solidariteit Jeug waarvan hulle wel gebruik sal maak aan te dui. Hulle kon meer as een opsie kies.

Toegang tot geleenthede vir skaduwerk en internskappe het die meeste aftrek gekry (52,82%) terwyl die CV-bouer amper ewe gewild is met 'n aanduiding van 49,83% leerders wat dit sal gebruik. Matrikulante stel ook baie belang daarin om wenke wat kan help met onderhoude te ontvang (42,88%).

Die behoefte vir inligting oor befondsing vir hulle studies is ook vir matrikulante belangrik volgens aanduiding veral wanneer daar in ag geneem word dat meer as 40% van die leerders aangedui het dat hulle nog geen befondsing vir hul studies in 2024 het nie.




Die aanlyn belangstellingsbepaler is ook iets waarvan leerders gebruik wil maak.


Podsendings en video's trek minder belangstelling, maar dit blyk of dit steeds aanklank by 'n redelike groep leerders vind.

Die meeste matrikulante besluit reeds in gr. 11 wat hulle wil studeer en doen dan reeds aansoek veral vir kursusse met beperkte plek en wat onderhewig aan keurings is. Hulle fokus is meer gerig op dienste wat 'n direkte verband met die aansoekproses met betrekking tot werk het as wat dit noodwendig gefokus is op studierigtings en loopbaankeuses.

Die vraag na internskappe en skaduwerk is moontlik om ondervinding in 'n spesifieke beroep op te doen en om netwerke te bou eerder as wat die oogmerk is om 'n beroepskeuse uit te oefen.




*Figuur 29: Kennis van Solidariteit Jeug*



## 23. Die impak van Covid-19 op hulle toekomsvisie en vooruitsigte

Alhoewel die samelewing en veral skole reeds op operasionele vlak teruggekeer het na hul roetines van voor die Covid-19-pandemie, is dit só dat alle leerders wat gedurende hierdie tydperk op skool was, ernstige ontwrigting met betrekking tot veral die akademie ondervind het. Skole het van verskeie metodes en platforms gebruik gemaak om verlore kontaktyd in te haal sodat leerders nie 'n agterstand opdoen nie.



Om vanuit die matrikulant se perspektief werklik te verstaan hoe groot die impak vir hom/haar was en of daar steeds 'n impak is en hoe dit hul toekoms raak, word die vraag oor die impak van die pandemie op hul toekomsvisie en vooruitsigte ingesluit. 2023 se matrikulante was in hul graad 9 jaar tydens die aanvanklike harde inperking van 2020. In 2024 sal die gr. 8's van 2020 in matriek wees. Die vraag sal dan vir die laaste maal geld. Graad 9 is die jaar waarin vakke gekies word wat in baie gevalle deur prestasie in graad 9 bepaal word.

Respondente is gevra om in hulle eie woorde te beskryf wat die impak van die pandemie en die inperking op hul verwagtinge, toekomsvisie en vooruitsigte was. Na kodifisering en inhoudsanalise, het die volgende temas te voorskyn gekom:

### Geen invloed (31,85%)

Die oorgrote meerderheid leerders het aangedui dat die pandemie en inperking geen invloed op hulle toekoms of vooruitsigte gehad het nie. Baie leerders het slegs enkelwoord antwoorde verskaf terwyl ander genoem het dat hulle visie dieselfde gebly het. Dit blyk dat van hierdie leerders voel dat Covid-19 net 'n tydelike ontwrigting was en dat normaliteit teruggekeer het en dus kan alles voortgaan soos beplan. Leerders het ook aangedui dat hulle eers later loopbaankeuses uitgeoefen het en dat dit dus nie deur Covid-19 beïnvloed is nie.

- "Nee"
- "Nee, ek het nog altyd geweet watse beroep ek wil doen."
- "Nee, want dinge get weed terug na normal gekeer"
- "Nee, dit was graad 9 en niemand dink verder as 2 weke in die toekoms in wanneer jy graad 9 is nie."

### Perspektief oor die lewe, loopbane en beroepe (26,87%)

Die tweede meeste leerders het met uitgebreide antwoorde beskryf hoe Covid-19 hulle "manier van dink" verander het. Leerders het hulle benadering tot die lewe in terme van verhoudings, werksetiek, loopbaankeuses en volhoubaarheid van beroepe verander.

Die trauma waaraan sekere leerders blootgestel is, het hulle in hierdie opsig nie slegs negatief beïnvloed nie, maar hulle aangespoor om sekere besluite te neem om sekuriteit vir hulself in die toekoms te verseker.
Ander leerders se fokus is na die belangrikheid van 'n betekenisvolle lewe en goeie verhoudinge verskuif omdat die "lewe kort" is.

Alhoewel die matrikulante van 2022 meer sinies en vreesbevange was, wil dit voorkom of die leerders van 2023 onvoorsienighede soos Covid-19 amper as "deel van die lewe" beskou en dus gerat wil wees om voorsiening te maak. Hulle wil nie onkant betrap word nie, maar hulle aanvaar sodanige voorsorg eerder as deel van die lewe as wat hulle dit noodgedwonge doen omdat hulle moet.

- "Defenitief. Covid 19 het almal omkant gevang en niemand het geweet wat om te verwag en wat om te doen. Dit het my geleer om nie alles van selfsprekend te neem nie en alles tot die beste van my vermoë aan te pak."

- "Ja, ek het gekies om eerder in n beroep in te wil gaan waarvan ek hou eerder as wat ek weet maak baie geld."
- "Ek weet meer van begroting en familie tyd... sowel as disipline mwf skoolwerk"
- Ja . Ek het meer waardeering gekry vir dit wat ek eendag wil doen en wat ek wil bereik. Ek het besef dat ek nie weer so beperk wil wees tot wat ek kan doen nie. Ek het besef dat daar te min tyd is om te doen wat mens wil doen en mens moet elke geleentheid aangryp.
- Ja, dit het my laat besef dat enigiets enige tyd kan verander, niks is verseker nie sk ek het n beroep gekies wat altyd in aanvraag sal wees.
- Ja, dit het my laat besef dat dit beter is om iets agter jou naam te hê

**Negatief (21,84%)**

Die algehele fokus van leerders wat aanvoer dat Covid-19 hulle negatief beïnvloed het, is op skoolwerk. Leerders voel hulle het 'n agterstand, en dat hulle veral Wiskunde en Fisiese Wetenskap nie kon baasraak as gevolg van aanlyn klasse nie. Hulle voer aan dat hulle baie moeilik verstaan het en dat hulle punte as gevolg daarvan gedaal het. Daar is ook leerders wat aandui dat swak punte hul vakkeuses en loopbaankeuses negatief beïnvloed het. Luiheid om tuis te leer is ook genoem. Geestesgesondheid wat negatief geaffekteer is, is hier en daar genoem. Daar het ook baie onsekerhede oor die toekoms vir van hierdie leerders ontstaan.

- Ja. Dit het veroorsaak dat ek nie die werk Kon verstaan nie so my punte het daar onder gely
- Ja,dit hetmy skoolwerk geafekteer ...punte het baie geval.
- Ja, dit hetmy skoolwerk geafekteer ...punte het baie geval.
- Ja, covid het my lui gemaak. Ek is net nie meer lus om iets te bereik nie dit voel of dit net in elk geval weg geneem kan word so vinnig so wat die punt om iets te bereik.
- Ja dit het want die pandemie het almal onseker gemaak oor die toekoms en of daar ooit n toekoms sal wees na covid a.g.v die ekonomie wat gedaal het en of daar nog werk vir die jeug sal wees na covid. Asook die finansiele bystand van my ouers omdat baie mense hul werk verloor het
- Ja dit het. Dit het my Graad 9 jaar se akademie traaglik beinvloed, en ek moes herdink oor my vakkeuses vir Graad 10. Dit het op die ou einde 'n invloed gehad op wat ek kan gaan studeer in die toekoms.

**Positief (13,11%)**

Slegs 13,11% van respondente het aangedui dat die Covid-19-pandemie hulle positief beïnvloed het. Antwoorde het meestal gesinspeel dat leerders meer gefokus is en vaardighede aangeleer het om meer effektief te werk of besluite te neem. 'n Aantal leerders het aangedui dat die tyd op hande hulle toegelaat het om nuwe talente te ontdek of hulself beter te leer ken. Hierdie leerders het nie 'n ander lewensinsig ontwikkel nie, maar eerder op 'n persoonlike wyse meer van hulself geleer.






- Nee, Lockdown was fantasties. Ek kon gemaklik op my eie pas werk
- Ja want n mens het tyd grhad om te dink wat jy werklik wil word
- Ja, dit het my meer opgwonde vir die toekoms gemaak en lus gemaak om my drome te volg
- Ja, ek het baie tyd gehad om te dink oor dit wat ek graag in my lewe wil bereik, ek het gewerk aan doelwitte wat ek wil bereik en navorsing begin doen oor al die loopbaan keuses waarin ek belangstel. Die pandemie het my gehelp n vooruitsig tot my lewe kry
- Ja, dit het my geleer om self-dissipline te hê en dat ek hard moet werk om my doelwitte te bereik.
- Ja,eintlik is ek dankbaar ons het deur die tydperk geleef en gewerk als vir die feit dat dit ons probleem oplossing vaardighede ontwikkel het wat ons dan kan toepas op ons toekoms.
- Ja. Ek het baie tyd gehad om meer stok perdjies te kry en meer uit te probeer. Ek het meer van coding geleer
- Ja, tydens die inperking het ek die voorreg gehad om die tyd op ons plaas deur te bring. Dit het my liefde vir diere en die natuur verskerp en my aangehits om eendag in daardie rigting myself te bekwaam. Dit het my laat besef dat kantoorwerk nie al werk is nie en dat ek myself eendag op vele meer innoverende manier kan onderhou.
- Ja , dit het my hele lewe verander en my as persoon ook beïnvloed, ek het my identiteit gevind tydens inperktyd en dit het n beidrae gelewer tot wie ek is en wat ek wil swot

**Het verander (6,09%)**

'n Klein groepering leerders het aangedui dat Covid-19 wel hul toekomsvisie beïnvloed het, maar het op geen manier uitgebrei nie. Antwoorde het meestal uit die volgende bestaan:

- "ja"
- Ja dit het n invloed gehad
- Ja my toekomsvisie het verander
- Ja dit het
- Ja Baie dinge het verander

# GEVOLGTREKKING

Die matrikulante van 2023 kom voor as 'n groep leerders wat uitdagings so in die verbygang hanteer. Hulle beskou groot rampe soos die Covid-19-pandemie as net nog 'n hobbel in die pad, soos wat baie van hulle dit beskryf, en laat nie toe dat dit hulle van stryk bring nie. Wat hulle wel doen, is om eerder vaardighede, soos om harder te werk, daaruit te leer wat hulle met hulle kan saamdra op hul lewens- en loopbaanpad.

Dit is opvallend dat die meeste leerders wat gevoel het dat die Covid-19-pandemie hulle negatief beïnvloed het, juis verwys na verlore kontaktyd met onderwysers en hul gebrek aan begrip as gevolg daarvan. Dit is ook interessant dat leerders aangevoer het dat hulle verder in Afrikaans wil studeer omdat dit hulle huistaal/moedertaal is en dat hulle konsepte dus beter sal verstaan.

Dit wil voorkom of hierdie leerders nie bereid is om enige (verdere) agterstande op te doen vir welke rede ook al nie.

Dit is opvallend hoe gewild Afrikaans as onderrigtaal werklik is en dat leerders die praktiese implikasie daarvan so duidelik verstaan. Die plek van die Afrikaanse skool in Suid-Afrika is beslis nie uitgedien nie en die vraag na tersiêre instellings waar hierdie leerders verdere opleiding in Afrikaans kan ontvang, ook nie. Leerders voel duidelik nie geïntimideerd daardeur dat hulle moontlik na afloop van studie ook in Engels moet kan werk nie. Vir hulle is dit belangriker om dit wat hulle nóú leer te verstaan. Dit wil voorkom asof hulle vir nou net eers fokus op kwaliteitonderrig en prestasie, en later hulself sal bekommer oor hoe om 'n sogenaamde "taalhekkie" te oorkom.

Die meeste leerders wil studeer en hulle wil voltyds studeer. Werk is vir hulle nou van baie minder belang en die fokus op studie is baie groot. Dit is opvallend dat die hoof beroepskeuses wat hulle wil nastreef veral beroepe in die mediese rigting, onderwys en sielkunde is. Dit is noemenswaardig dat alhoewel die BCom-studierigtings ook gewild is, die grootste aantal leerders beroepe kies waar hulle fisies by mense in 'n hoedanigheid kan wees, waar hulle hulp kan aanbied en fisies betrokke kan wees. Hierdie leerders het, soos hulle genoem het in hulle bespreking oor die impak van die Covid-19-pandemie, nood in hul gemeenskappe en die breër samelewing raakgesien en hulle behoefte om daarop te reageer is só oorweldigend dat hulle dit as beroep kies.

Die klas van 2023 blyk goed op koers te wees met betrekking tot hul toekoms. Hulle het 'n sterk gevoel om te reageer op ander se nood en 'n praktiese benadering tot die lewe. Hulle beskou nie uitdagings as onoorkombaar nie en verstaan die waarde van onderrig in hulle eie moedertaal/ huistaal.

## NOTAS:

SOLIDARITEIT